# waarheid & dwaling

RUGSTEUN VIR DIE AMP VAN GELOWIGE — JAARGANG 6, NO 8, AUGUSTUS 2000

**REDAKSIONEEL**

# DIE REDAKSIE SOEK REAKSIE

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

**INHOUD**

1 **Redaksioneel** *Die redaksie soek reaksie*
2 **Skrifoordenking** *Die Here Jesus roep ons* Ds DJ de Kock
3 **Fokus** *Die negende gebod* Dr AH van den Bout
5 **Op die Kerkerf** *Hemelburgers* Dr JG Meijer
7 **Aktueel** *Die vrou in die kerk - 'n onjuiste vertrekpunt* Ds DJ Malan
8 **Mediese etiek** *Geneeskunde en die eerste gebod* Dr JM Boon
10 **Uit die verlede** *Gedagtesprong - terug in die kerkgeskiedenis* Dr AH van den Bout
11 **Persskou**
• *Soek na kerklike eenheid*
• *Verhouding VGKSA-GKSA 1950-2000*
• *Hand in eie boesem*
Ds GJ Meijer

- Ons is dankbaar. *Skenkings* van lesers stel die redaksie en uitgewer in staat om die blad in hierdie jaar wyd te versprei. Die kort inhoud van elke nommer word via e-pos nog wyer bekend gestel. Ander moontlikhede wat die rekenaar-tegniek bied, word oorweeg. Die getal lesers vermeerder maandeliks.
- Die redaksie ontvang steeds meer *reaksies*. Ons ontvang gereeld briewe van lesers wat verstaan waaroor dit gaan: Voortgaande reformasie van die kerk en opbou van God se koninkryk deur stimulering van die gelowiges in hulle lewe-omvattende diens aan die Here. Hierdie reaksies is 'n riem onder die hart.
- Daar word ook kritiek gelewer. Ons verwelkom dit. In hierdie verband word dr W Vergeer se afwysing van polemiek vermeld. Sy kritiek is in W&D weerlê. Daar word nog op sy antwoord op dié weerlegging gewag. Ander kritiek word in hierdie nommer vermeld en bespreek (sien die rubriek 'Fokus').
- *Openlike bespreking* van openbare sake is ten minste om drie redes noodsaaklik. Openlike bespreking dryf eerstens gelowige skrywers na mekaar toe. Verkeerde uitlatings word vinnig herroep. Ons hou mekaar betyds in die leer van die Skrif vas en bewaar sodoende ons eenheid in die diens aan God.
- Openlike bespreking dwing tweedens broeders en susters wat van die leer van die Skrif wil afwyk, tot duidelike posisie-keuse. Hulle kan nie stil-stil aangaan nie. Hulle word of tot bekering of tot verharding gedring.
- Openlike bespreking laat derdens almal nadink. Wie die Skrif as toetssteen hanteer, beproef alle dinge (alle standpunte wat in die kerklike lewe gestel word) en behou die goeie. Broeders en susters lewe mee, uit krag van die Heilige Gees waarmee hulle gesalf is. Hulle bedien daadwerklik hul amp van gelowige.
- In die laaste samekoms van die studiegroepe het ons 'n *vereniging* gestig en bestuurslede aangewys. Die bestuur hou toesig oor die studiegroepe en het die bevoegdheid om die redaksie tot verantwoording te roep. Statute vir hierdie vereniging word voorberei. Na ons vergadering DV op 7 Oktober - waarin die vereniging finale besluite sal neem - sal die lesers uitvoeriger ingelig word.
- Dit gaan nou oor die *naam* van die vereniging. Die volgende voorstelle lê ter tafel: Vereniging Kerk en Koninkryk of Vereniging Kerk in Koninkryk, Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel en Vereniging van Gereformeerdes vir Skrifgetroue Lewenswandel. Ander name kan nog oorweeg word.
- Die laaste mededeling gaan oor *die datering van die vorige nommer*. Jaargang 6, no **6**, Junie 2000 moet wees: Jaargang 6, no **7**, Julie 2000.

**Versoeke**

1. Beskik u oor e-pos adresse van mense wat moontlik die maandelikse kort weergawe van W&D se inhoud op prys sal stel? Stuur dié adresse asseblief aan gjmeijer@mailroom.com
2. Het u 'n voorstel oor die naam van die vereniging? Die bestuur kan slegs name wat voor 20 September in sy besit is, oorweeg. Stuur voorstelle asseblief aan die administrasie-adres of aan vdenbout@mweb.co.za
3. Wil u op enige artikel in die blad reageer? Stuur u korrespondensie aan die redaksie. Artikels wat uiterlik driehonderd woorde bevat, sal vir plasing oorweeg word. Krenkende woorde word uiteraard nie geplaas in ons blad wat die gereformeerde lewenswandel wil bevorder nie.
4. Verander asseblief laas maand se nommer 6 in 7 en Junie in Julie.

Mag die Here die aksie van die studiegroepe en ook ons publikasie seën, tot reformasie van sy kerk en die koms van sy koninkryk.

Volgende byeenkoms:
**Saterdag 7 Oktober 2000**

**Ds DJ de Kock**
Pietersburg-Suid

**SKRIFOORDENKING**

# Die Here Jesus roep ons

*Matteus 11:28-30*

**'Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig.'**

Ons lewe in 'n tyd waar die wetenskap en die tegnologie ongekende hoogtes bereik het. Byna daagliks is daar nuwe uitvindings en kort-kort begin ons nog nuwe dinge gebruik. Rekenaars, fakse, selfone, e-pos en wat nog alles. Dit lyk of die mens se slimheid en geleerdheid geen perke het nie. 'n Mens staan behoorlik verstom! Kan die mens alles bereik? Nee, daar is een ding wat slim en geleerde mense nie met hulle verstand of met die tegnologie kan bewerk nie - die verlossing in Christus.

Hoor wat sê Jesus: 'Ek prys u, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudige mense bekend gemaak het.'

Die pad van verlossing is nie die pad wat met menslike geleerdheid en met menslike prestasie geloop kan word nie. Hierdie pad word deur God alleen aan mense bekend gemaak en dan boonop aan eenvoudiges.

## Jesus, ons Priester, roep ons om by Hom te rus

Hoor hoe beskryf Hy die mense wat Hy roep: Uitgeput en oorlaai! Waarvan sou hierdie mense uitgeput en oorlaai wees? Van die las van die lewe. Ons hele bestaan is 'n worstelstryd om te kan lewe. Die mens werk en swoeg. Hy jaag en sweet om te kan lewe. Die mens probeer die heeltyd om te lewe, maar die ware lewe bly die mens ontwyk. Nie geleerdheid of rykdom of plesier bring bevrediging nie. Die mens strompel uitgeput rond en soek rus. Boonop word die las van die sonde al hoe swaarder. Hoe meer die mens op homself en op sy eie vermoëns staatmaak, hoe meer oorlaai hy homself. Oorlaai met werk en oorlaai met verantwoordelikhede.

Volgens die gelykenis van die verlore seun het hy gedink die lewe bestaan uit geld en pret en plesier. Eers toe hy letterlik tussen die varke beland, het hy besef hoe uitgeput en oorlaai hy werklik is en begin hy hunker na sy vaderhuis. Wanneer Jesus aan 'n mens geopenbaar word, sien jy jou eie sondes raak. In Lukas 18:13 roep die tollenaar: 'O God wees my, sondaar, genadig' en na Petrus se preek op Pinksterdag was sy hoorders diep in hulle harte getref. Hulle het besef dat hulle uitgeput en oorlaai was, daarom vra hulle: 'Wat moet ons doen, broers?'

'n Mens werk so hard aan die lewe. Jesus Christus is die lewe!

## Jesus, ons Koning, eis onderwerping

Wat is Jesus se juk? 'n Juk is 'n ding wat jy op 'n os se nek sit sodat hy 'n wa kan trek. 'n Juk is die apparaat waarmee jy 'n las op jou laai. So pas het Jesus gesê dat dié wat uitgeput en oorlaai is, na Hom toe moet kom om rus te kry.......en nou sê Hy: Neem My juk op julle! Is hierdie 'n nuwe las? Sommige mense voel so, want hulle sien die lewe saam met Christus as nog 'n verpligting en nog 'n las, nog verantwoordelikhede. As jy jou geloofslewe as nog 'n las sien, het jy 'n probleem, want hierdie juk waarvan Jesus hier praat, is 'n teken van verlossing! Dis nie 'n nuwe las om te dra nie!

Die voorwaarde vir verlossing in Christus is dat jy jouself aan Hom sal onderwerp. Hy moet beheer oorneem. Dit is sy las, maar Hy sê: 'My juk is sag en my las is lig'. Die las van die wêreld is swaar en grof. Nagte se wakkerlê oor finansies. Stokflou van pogings met uitbreiding van jou sakebelange. Stiptelik gehoorsaam aan wêreldlike afsprake. Jy steier onder die juk van die wêreld!

Paulus noem die ontberinge en vervolging wat Hy as sendeling van Jesus moes verduur, 'n ligte verdrukking wat ons nou moet verduur. Jesus se juk is sag en sy las is lig omdat ons saam met Paulus kan sê: 'Ek is tot alles in staat omdat Christus my die krag gee.'

Baie mense sê: Maar ek verstaan dit nie. Ek begryp nie hoe die lewe in Christus 'n sagte juk of 'n ligte las kan wees nie, want ek sien geen seën in my lewe nie. Elke dag is net vol beproewings en swaarkry.

## Jesus, ons Profeet, vra dat ons van Hom sal leer

Hy sê: 'Leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart.'

As 'n mens jou rus by Christus wil vind, moet jy jou nie net self aan Hom onderwerp nie, jy moet ook bereid wees om by Hom te leer. Hy is ons groot Leermeester. Ons moet onsself by sy leerskool inskryf. Dit beteken Skrifstudie. As 'n mens die Bybel ken en die riglyne wat die Skrif gee in jou daaglikse lewe toepas, tree jy met wysheid op.

Jesus is bekwaam om ons te onderrig, want Hy is sagmoedig. Hy raak nie ongeduldig as ons nie verstaan nie. Hy weet wie ons is en hoe swak ons is. Hy is ook nederig van hart. Hy is in staat om met die volmaakte gesindheid aan die belange van elkeen van sy leerlinge te dink. As ons van Hom leer, kry ons lewe sin. Dan is ons lewe nie meer 'n gejaag en 'n geworstel nie... Hoor wat sê Hy: 'En julle sal rus kry vir julle gemoed.' Die wonderlike gevolg van sy onderrig is rus en vrede in ons gemoed.

As jy jouself aan Jesus onderwerp en van Hom begin leer, raak jy rustig, want dan besef jy dat Hy in volle beheer is. Hy het werklik alle mag in die hemel en op die aarde. Niks kan ons mos van die liefde van God skei nie.

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit
*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za
*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon
*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)
*Intekengeld:*
R 70 per jaar
*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha
*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

# DIE NEGENDE GEBOD

Dr AH van den Bout, Pretoria

**Ds CN van der Merwe (Klerksdorp) 'begin al hoe meer ongemaklik voel met die wyse waarop in *Waarheid en Dwaling* met die waarheid en die dwaling omgegaan word'. Hy motiveer sy gevoel in 'n brief van ruim drie bladsye aan die redakteur. Hier volg 'n kort weergawe van sy besware deur die eindredakteur en dr Van den Bout se reaksie op ds Van der Merwe se brief.**

Ds Van der Merwe reageer op die kosjer lysie-artikels wat ds ALA Buys en dr Van den Bout in die Mei- en Junie-nommers geskryf het. Hy bring onder die opskrif

*Insake bewyskrag van uitsprake*

die volgende uit dié artikels ter sprake :

- Alle gereformeerde predikante is tans nie op alle gereformeerde kansels welkom nie.
- Lamsakkige visitasie en onjuiste visitasie-rapporte op die klassis.
- Die independentistiese neiging in die Gereformeerde Kerke.
- Kort, horisontaal gerigte, eksemplariese preke, wat gou-gou voorberei word (uit gemaksug van predikante) om die gemeente nie te ontstel nie; geen verbondsprediking met verbondsliefde en verbondswraak nie.
- Veralgemening van klagte op grond van persoonlike ervaring in die groot stede van Suid-Afrika.
- Ontheiliging van sakramente-bediening en nie suiwer toepassing van die tug nie.
- Nie aanspreek van dobbelary, staatslotery, sabbat- en leweontheiliging nie.
- Die kerkvolk is soos 'n kudde sonder herder en die kerk soos 'n gebou sonder fondament.

Ds Van der Merwe 'ruik' in die bostaande 'die walms van *verdagmaking*', aanklagte sonder bewys, nalaat om die weg van Matteus 18 te bewandel en derhalwe sonde teen die negende gebod van die Here se wet. Hy sluit sy brief af met die versoek: 'Ek sou graag eerlike antwoorde wil hê oor hierdie sake wat werklik kwel aangesien dit in alles gaan om die eer van God.'

*Dr Van den Bout reageer:*

Die negende gebod 'Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie' is 'n belangrike gebod vir die alledaagse samelewing. Dit is veral belangrik binne die kerk waar broers en susters van een huis saamlewe. Die negende gebod is nie net 'n *verbod* om bepaalde sake na te laat nie, maar ook 'n *gebod* om bepaalde sake te doen, asook om 'n goeie gesteldheid van die hart te bevorder.

## Die verbod van die negende gebod

Die Heidelbergse Kategismus (antwoord 112) verklaar wat die negende gebod verbied: Teen niemand valse getuienis aflê, sy woorde verdraai of 'n kwaadstoker of lasteraar wees nie, niemand onverhoord of ligtelik help veroordeel nie. Hier is die hart op die spel. Die gesteldheid van die hart wat nie die waarheid liefhet en die leuen haat nie, maar wat bewustelik en opsetlik verkeerde dinge sê en daardeur bewustelik en opsetlik 'n naaste of - nog erger - 'n broeder wil slegsê en vernietig. Dit geld vir die gewone lewe, vir 'n wêreldlike hof en dit geld veral binne die kerk.

Calvyn sê: God bekommer Hom oor die naam van ons naaste. Dit behoort vir ons genoeg te wees om die naam van ons naaste ongeskonde te bewaar. Kwaadsprekery word daarom sonder twyfel heeltemal verdoem. Maar - so sê Calvyn verder - dit geld nie vir 'n openbare teregwysing wat daarop gemik is om sondaars skrik in te boesem en dit geld ook nie vir 'n bekendmaking van iets aan mense vir wie se welvaart dit van belang is dat hulle vooraf gewaarsku moet wees sodat hulle nie uit onkunde in gevaar beland nie (*Institusie* 2.8.48). Jakobus 3 waarsku teen die gevaar van die tong, maar verbied nie om op bepaalde gebruike of toestande in die kerke kritiek te hê en die vinger op die seer te lê nie. Dit is selfs noodsaaklik vir deurgaande reformasie.

## Die gebod van die negende gebod

Ons moet nie slegs negatief alle lieg en bedrieg vermy nie, maar ook positief die waarheid liefhê en opreg wees. Navolgers van Christus moet die leuen as die werk van die vader van die leuen, die duiwel, haat. God toorn oor dié sonde wat opstand teen Hom is.

Sonder Christus se soenverdienste sou die hele menslike geslag ook omrede van sy sonde teen die negende gebod totaal verlore wees. Maar juis om uit dankbaarheid vir die verlossing te wys dat ons navolgers van Christus wil wees, sal ons alle leuen en bedrog vermy en net die waarheid liefhê. 'Opregtheid sal ek, HEER, bo alles ag' (berymde Psalm 101:1).

Die gebod bewerk dan ook 'n nuwe geestesgesteldheid as dit gaan oor my naaste se goeie naam en eer. Veral my broeder en suster se goeie naam en eer lê my na aan die hart. Dit sal ek verdedig en bevorder. Hoe kan ek anders na die nagmaal gaan as ek my nie van aanstootlike sondes bekeer nie? Tot die ergerlike sondes wat die nagmaal-formulier vermeld, behoort ook laster en die kwaad om skeuring en oproer in kerk en staat te wil veroorsaak. In die skadu van die kruis word ons eers bewus wat werklike naasteliefde beteken. Ook ons oortreding van die negende gebod het Christus aan die kruis gebring.

Positief beteken die negende gebod dat, as daar misstande binne die kerk bestaan en daar agteruitgang is (nie net in ledetal nie), die waarheid dan hardop gesê moet word en dat ons valse gerustheid aan die kaak moet stel. Dit is binne die kerk noodsaaklik vir deurgaande suiwering.

## Bewysregtelike vereistes in verband met die negende gebod

Die beginsel van niemand onverhoord of ligtelik help veroordeel nie, bly altyd staande. Reeds Augustinus het die *audi alterem partem*-reël as noodsaaklik voorgehou: Eers die ander party aanhoor voordat 'n oordeel uitgespreek word en dan ook nie sommer ligtelik nie. Dit moet swaar weeg. Dit is van die grootste belang en vir die kerk is dit van ewigheid-belang.

Selfs in die wêreldlike hof kan iemand nie sommer op hoorsê- of omstandigheid-getuienis veroordeel word nie. Daar moet

persone wees wat gesien of gehoor het wat gebeur het. Die *testis unus testis nulles*-reël is reeds in 1965 gewysig: Artikel 16 van die Wet op Bewysleer in Siviele Sake bepaal dat uitspraak gegee kan word op grond van 'n enkele bevoegde en geloofwaardige persoon se getuienis. Ook in strafsake maak Artikel 208 van die Strafproseswet hiervoor voorsiening, indien die getuienis helder en bevredigend is.

Binne die kerk sê ons dat 'n saak vasstaan as daar twee of meer getuies is. Matteus 18 gee hieroor 'n goeie riglyn.

## Praktiese toepassing van die negende gebod

Ds Nico van der Merwe grond sy besware op die negende gebod. Dit was ds ALA Buys en my bedoeling om 'n gesprek aan die gang te kry oor die sake en onderliggende probleme wat in sy en my artikel aangeraak is. Die stilte wat daar verder heers, is eerder sorgwekkend as 'n opregte en verontwaardigde reaksie soos dié van ds Van der Merwe.

Dit was egter geensins die bedoeling om met die diagnose van independentisme alle kerke in die kerkverband daarvoor verantwoordelik te hou nie. As dit die indruk is wat gemaak is, word opregte verskoning daarvoor aangebied. Maar wie die skoen pas, trek dit aan. Dat daar fout is binne die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika, is lankal vasgestel. 'n Groot aantal artikels het al daaroor verskyn. Die independentisme is al genoem as 'n oorsaak vir verskeie afwykings in die kerkverband. Hierdie diagnose is ook in *Waarheid en Dwaling* bekend gestel met die doel om siekte-verskynsels in die kerke te bestry en hulle te genees.

*Daar is 'n negatiewe groei van die kerke, wat net nie ophou nie*

Om vas te stel dat kerke in ons land nooit verplig was om sinodebesluite te ratifiseer en om dit as 'n verkeerde gebruik aan die kaak te stel, is noodsaaklik. Om vas te stel dat verskillende kerke independentisties optree wat betref die gebruik van kelkies by die nagmaal, bevestiging van vroue in die amp van diaken, die invoer van alternatiewe liturgie en 'n alternatiewe gemeenskap-lewe binne die kerk, is geen onnodige geredekawel nie.

Om vas te stel dat daar al jare lank en reeds in baie gemeentes geen tweede erediens gehou word nie as gevolg van gebrek aan belangstelling, is huiweringwekkend. Om al jare lank by tientalle geleenthede dwars oor die land kort en eksemplariese prekies te moet aanhoor, is sielsbedroewend. Om waar te neem dat in hierdie prediking nie meer die verbond van God en sy volk met verbondsliefde en verbondswraak voorop staan nie, dat die verbondsgeskiedenis geïgnoreer word en dat geen Skrif-met-Skrif-vergelyking toegepas word nie, is verbysterend. Om te verneem dat lidmate van kerke dobbel en aan loterye deelneem, selde kerk toe gaan en in kerke binne die verband van die GKSA nie eers daaroor aangespreek word nie, is verpletterende nuus.

## Geen veralgemening nie

Hiermee word nie gesê dat *alle* gereformeerde kerke kelkies gebruik, dat *almal* vroue in 'n besondere amp bevestig nie. Ook nie dat *al* die predikante gou 'n prekie maak om die gemeentelede nie te ontstel nie. Hiermee word wel gewys op *afwykings wat* steeds meer in die kerkverband *toeneem* en stil-stil as die normale orde ingevoer word. Hoeveel van ons kerkvolk gaan nog aanddienste toe? Die persentasie is mos bekend. Daaroor hoef nie gestry te word nie. Hoe lank duur aanddienste gewoonlik? Dit is nie nodig om daaroor 'n intensiewe ondersoek te doen, waarby al die 299 kerke van die GKSA betrek word nie. Wat se bewyse moet nog aangevoer word? Die bostaande is algemene kennis. Menigeen kan bevestig dat hierdie wantoestande binne ons kerke bestaan.

Dit is daarenteen verblydend om te hoor dat ouderlinge nog huisbesoek-temas opgedra kry, dat bybelstudiegroepe hulle nog oor hierdie aktuele problematiek buig en dat daar nog gemeenteblaaie is waarin hierdie problematiek aangespreek word. Dit is verblydend dat kategese nog aangaan en dat kennis van ons jong mense deur byeenkomste vermeerder word. En dat in gemeente- en wyksbyeenkomste die amp van gelowige opgebou word.

Ons hoor egter steeds meer Skrif-kritiese geluide. Daar is 'n negatiewe groei van die kerke, wat net nie ophou nie. Daar is 'n louheid by baie lidmate wat net so gelaat word. Nee, nie by almal nie; gelukkig nie.

Waar kom die probleme anders vandaan as deur 'n gebrek aan kennis?

## Laat ons op mekaar ag gee

Die Here kla en Hy kla aan: 'My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis' (Hosea 4:6). Kerke waar die prediking nie meer is wat dit moet wees nie - neem tog die waarskuwende woorde van Christus ter harte: 'Elkeen wat na hierdie woorde luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het' (Matteus 7:26).

Gebrek aan kennis van God se woorde veroorsaak dat voorgangers en lidmate van die kerk se fondament af weg beweeg. Is dit geen verval dat ouderlinge en diakens self in die aanddienste deur afwesigheid skitter nie? Is dit geen verval dat huisbesoeke nie gedoen word soos dit behoort, in plaas van dat daar werklik toesig en tug uitgeoefen word nie? Is dit geen verval dat sodoende die sakramente ontheilig word, omdat almal dit maar kan gebruik nie?

Verskoon maar weer die moontlike veralgemening. Hou dit nie teen hulle wat uit liefde vir die waarheid en uit liefde vir hulle broeders en susters teen afdwaling waarsku nie. Die negende gebod roep ons immers om met die uitspreek van die waarheid ons broeders en susters se wagter te wees. Gehoorsaam aan dié gebod van God: 'Laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkomste nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom' (Hebreërs 10:24-25).

*Berymde Psalm 101:1, 5*

**'k Wil in my lied van reg èn goedheid sing**
**en U daarvoor my hoogste hulde bring.**
**Opregtheid sal ek, HEER, bo alles ag,**
**en U verwag.**

**Hy wat die pad van lis en leuens gaan,**
**sal voor my oog en ywer nie bestaan:**
**my huis sal vir die waarheid allermees**
**'n vesting wees.**

# TOERUSTING VIR DIENS IN DIE KONINKRYK (4)
# HEMELBURGERS

**Dr JG Meijer,** Pretoria

**'Ons burgerskap is in die hemele.' Wat beteken hierdie burgerskap? Watter voorregte ontvang die burgers? Wat verwag die Here van hulle?**

'Ons burgerskap is in die hemele.'[1] Hierdie woorde staan geskryf in die brief aan die Filippense. Die eerste lesers van hierdie brief het die betekenis van hulle hemel-burgerskap onmiddellik begryp. Hoekom? Hulle blyplek was nie 'n willekeurige Griekse stad nie. Filippi was 'n Romeinse kolonie. Die Skrif vermeld die kolonie-status van die stad om vir alle lidmate van die kerk in alle lande en tye hulle posisie van hemelburger te verduidelik.

## Filippi - 'n kolonie

Filippi is die eerste Griekse stad waar die apostel Paulus omstreeks die jaar 50 die evangelie verkondig. Die stad besit dan al omtrent negentig jaar die status van 'n kolonie. Dié status word uitdruklik in die Skrif vermeld.[2] Die volk van God in alle lande en tye moet daarvan kennis neem om die betekenis van die hemelburgerskap te kan verstaan.

*Ons, lidmate van die kerk, is Bo geregistreer.*

Sedert die jaar 42 voor Christus kry afgetrede Romeinse soldate wat in Antonius se legioene geveg het, verlof om hulle as koloniste in Filippi te vestig. Elf jaar later (31 voor Christus) en daarna word die kolonie uitgebrei en versterk deur die vestiging van ander veterane. Hulle het gedien onder die bekwame veldheer Oktavianus wat naderhand as keiser Augustus bekend staan.

Die Romeinse koloniste bly ver van hulle vaderland. Hulle woon en werk in Filippi, 'n stad in die Griekse landstreek Masedonië. Dié gebied is by die groot en magtige Romeinse ryk ingelyf. Die Romeine minag die oorspronklike inwoners wat nie die burgerskap van Rome besit nie. Grieke en ander onderworpe volke is in hulle oë 'barbare'.

## 'Verromeins' die Griekse samelewing

Die Romeinse owerheid verwag van sy koloniste om die bevolking van verowerde gebiede, wingeweste, tot die Romeinse beskawing te 'bekeer', ten einde 'geestelike' eenwording van die ryk te bewerkstellig.

Die koloniste onttrek hulle dus nie aan hul omgewing nie. Inteendeel, al hul aktiwiteite kom voort uit die opdrag vanuit hulle vaderland: *'Reformeer, hervorm die samelewing.'* Enige *aanpassing* by die burgery van Filippi is vir hulle *taboe*. Vergrieksing van hulle lewe sou die daadwerklike verloëning van hulle roeping beteken.

Nee, die Grieke moet beskaaf word, by die Romeinse lewenstyl aanpas. Hulle moet Romeins gaan dink, die Romeinse reg aanvaar, Romeinse sedes en gewoontes aanleer. Kortom, die koloniste beywer hulle in Filippi vir die integrale en totale *'verromeinsing van die Grieke'*.

## Romeinse koloniste het voorregte

Om hulle enorme taak - die 'verromeinsing' van die 'barbaarse samelewing' - optimaal te kan verrig, ontvang die koloniste belangrike voorregte. Eerstens behou hulle die Romeinse *burgerreg*. Hulle name is in Rome geregistreer. Hulle word beskerm deur die Romeinse reg en - indien nodig - deur Romeinse soldate.

*Lewensonderhoud?* Behuising en al die nodige om aan die lewe te bly, word vanuit Rome voorsien. Vadertjie staat, die keiser en sy onderhorige owerhede, versorg die koloniste in die verre, vreemde land.

Die koloniste in Filippi het hulle kant gebring. Die 'verromeinsing'-proses het ten tye van Paulus se prediking in daardie stad ver gevorder. Die aanklag wat burgers tydens sy verblyf aldaar teen hom en sy metgesel Silas inbring, lui: 'Hierdie manne bring ons stad in opskudding, omdat hulle Jode ('barbare') is, en hulle verkondig sedes wat vir ons nie geoorloof is om aan te neem of na te volg nie, omdat ons Romeine is.'

Die aanklag word nie met enige feit gestaaf nie. Die klag 'anti-Romeins' en derhalwe staatsgevaarlik is vir die regters voldoende om die beskuldigde gesante van Christus sonder enige verhoor tot slae en gevangenskap te veroordeel.[3] 'Barbare' het mos in die Romeinse ryk geen regte nie?!

## Hemelburgers se domisilie

Teen die bostaande agtergrond verstaan die broeders en susters in Filippi en saam met hulle die kerk in alle lande en tye die diep en omvangryke betekenis van die woorde: 'Ons burgerskap is in die hemele'. Die woord 'burgerskap' is die vertaling van die Griekse woord *politeuma*. Hierin hoor ons die klanke van *polis*, stad, en *politès*, burger. Ons vaderland, ons moederstad is die hemel.

Die woordjie *ons* staan in die grondteks met nadruk voorop. Ons burgerskap word beklemtoon, teenoor die burgerskap van mense wat 'aardse dinge bedink'.[4] *Hulle* laat hulle deur 'aardse dinge', deur kragte van benede, dirigeer. *Ons* word vanuit die hemel gelei. Ons is verplig om die Leidsman en Voleinder van die geloof daarbo, in die hemele, te volg.

Kinders van God, al die lidmate van die kerk, beklee die posisie van koloniste in hierdie wêreld. Soos Rome vir die Romeine in Filippi die moederstad was, is die hemel *ons* domisilie. Ons name staan 'in die hemele opgeskrywe'.[5] Ons, lidmate van die kerk, is Bo geregistreer.

---

[1] Fil 3:20.
[2] Hand 16:12.
[3] Hand 16:20-24.
[4] Sien die openbaring in Fil 3:20a as teenstelling tot die slot van vers 19.
[5] Heb 12:23; vgl. oor die hemelse burgerskap onder meer Ef 2:12 (*politeia*), 19 (*sunpolitai*) en Heb 8:11: *Politès* (burger, in Afrikaanse vertaling 'naaste') is letterlik oorgeneem uit Jer 31:34, in die Septuaginta Jer 38:34).

Die Romeine vereer hulle keiser in Rome, aanbid en dien 'n sterflike mens as hulle god. *Ons* vereer en dien ons Verlosser wat as Koning aan die Vader se regterhand oor almal en alles regeer. Hy regeer nog steeds ná die ondergang van die Romeinse ryk. Sy koningskap strek oor alle eeue, tot die dag van sy koms met die wolke.[6]

## Hemelburgers se lewensonderhoud

Rome kan tekortskiet in die lewensonderhoud van die koloniste. Onse Here wat sy volk van die nodige voorsien, doen dit - soos Hy alles doen - volmaak. Hy onderhou sy bruidskerk in die vreemde sowel geestelik as stoflik.[7]

Hy roep ons om ons taak as koloniste in die wêreld te verrig, sonder om ons te kwel en te vra: 'Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek?' Ons roeping is om eers die koninkryk van God en sy geregtigheid te soek. Lewensonderhoud? Dit sal bygevoeg word. Hemelburgers ontvang elke dag hul daaglikse brood van Bo.[8]

## Hemelburgers se roeping

Koloniste lewe en werk buite hulle vaderland, temidde van mense wat die Here nie ken of nie wil dien nie. Soos die Romeinse koloniste verplig was om die wêreld om hulle te 'verromeins', so word ons deur die Here in sy wêreld geplaas om ons omgewing te 'verhemels'. Ons Koning in die hemel roep ons om die lewenstyl wat Hy vanuit die hemel in die Skrif voorskryf, uit te lewe en uit te dra. Gelowige hemelburgers 'verchristelik' die lewe.

Die teksverband in die brief aan die Filippense maak duidelik wat die die Here van sy koloniste verwag.

> *die oorsprong van elke dwaling: aardse dinge bedink*

*Duld nie dwaalleer in die kerk nie*

Die roeping om die samelewing te 'verchristelik' beteken eerstens: *Pas nie by hierdie wêreld aan nie*. Die gemeente word blykens die onmiddellike teksverband deur *dwaalleer* bedreig. Die dwaalleraars 'wandel as vyande van die kruis van Christus. Hulle einde is die verderf, hulle god is die buik en hulle eer is in hulle skande; hulle bedink aardse dinge'.[9]

Wat die dwaalleer in Filippi presies ingehou het, is nie hier ter sprake nie. Die laaste sinnetjie dui op die oorsprong van elke dwaling: aardse dinge bedink. Die Romeine sou dit so sê: By die 'barbare' aanpas.

Vandag beweer teoloë dat al ons kennis van die Here van benede, van die aarde, afkomstig is. Hulle bekritiseer die Skrif soos enige ander menslike boek. Hemelburgers 'bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie'.[10] Hulle aanvaar en duld nie die bedink van aardse dinge, afwyking van die leer en bevele van Bo, in die kerk van die Heiland nie.

*Handhaaf die antitese*

Die wyer teksverband in die brief aan die Filippense tipeer die omgewing waarin hemelburgers woon en werk, kort en kragtig. Die Here plaas sy burgers 'te midde van 'n krom en verdraaide geslag',[11] in *'n godlose wêreld*.[12]

Hy vermaan ons: Pas nie daarby aan nie; 'word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie'.[13] Laat jou lewenstyl nie deur godloses bepaal nie. Handhaaf in die kolonie - hier en vandag - die eeue-omspannnende antitese, die vyandskap wat Ek, die Here, tussen die saad van die vrou en die saad van die slang gestel het.[14]

*Laat julle lig skyn ...*

Wat behoort hemelburgers wat nie by hierdie wêreld aanpas, wel te onderneem? Die apostel Paulus roep hulle op: 'Wees my navolgers, broeders, en let op die wat so wandel soos julle ons tot voorbeeld het.'[15] 'Doen alles sonder murmurering en teëspraak, sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld, deurdat julle die woord van die lewe vashou.'[16] *Lewe hier benede, in die vreemde, volgens die leer en die opdragte van die Koning daarbo.*

Het die Here sy koloniste nie as die sout van die aarde en die lig van die wêreld aangestel nie? Hy verwag van ons in die vreemde, ver van ons vaderland: 'Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik'.[17]

*Bly in verbinding met die domisilie*

Hoe kan ons dié lig laat skyn? Hemelburgers, sondige mense in 'n sondige wêreld, kan nie sonder gebed hulle opdragte uitvoer nie. Slegs voortdurende kontak met die domisilie stel hulle in staat om as koloniste te midde van 'n krom en verdraaide geslag op te tree. Hulle bid: 'Regeer ons (vanuit die hemel, die vaderland) so deur u Woord en Gees dat ons (in die kolonie, in die wêreld) ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp.'[18]

Verlange na die hemel wat uit die sug voortkom om uit die kolonie ontslaan te word, is nie skriftuurlik nie. Koloniste wat te vroegtydig wil repatrieer, weier hulle diens aan die vaderland.

Die bede 'Kom, Here Jesus' hou in: Kom deur die diens van u koloniste. Bring deur hulle 'verchristeliking' van die lewe die laaste uitverkorene tot geloof en bekering. Skeur na die geboorte en die wedergeboorte van die laaste uitverkorene - nie vroeër nie - die hemele.[19] Laat na die voleindiging van u laaste kolonis se getuienis[20] die groot dag van die laaste oordeel en die bruilof van die Lam aanbreek.

Die lewe 'verchristelik'. Daar kom vrae na vore: Wat behels hierdie taak? Wie moet ons vir die 'verchristeliking' van die lewe toerus? Wat hou die toerusting in? En wie moet wat doen vir die 'verchristeliking' van die omgewing waarin die Here ons as koloniste geplaas het? Hierdie vrae kom DV volgende maand aan die orde.

---

6 1 Kor 15:24-28.
7 Op 12:14.
8 Matt 6:25-34.
9 Fil 3:18-19.
10 Kol 3:2.
11 Fil 2:15.
12 Sien onder meer die uitvoerige beskrywing van die godlose wêreld in Rom 1:18-32.
13 Rom 12:2.
14 Gen 3:15.
15 Fil 3:17.
16 Fil 2:14-16.
17 Matt 5:13-16.
18 HK, amtw. 123.
19 Vgl. Jes 64:1.
20 Op 11:7.

# Die vrou in die kerk - 'n onjuiste vertrekpunt

**Ds DJ Malan**, Lindley

## Man en vrou

Dat God man en vrou geskape het, is waar.
Dat God mans en vrouens gebruik om nageslagte te verwek, in die instandhouding van sy verbond, is waar.
Dat God mans en vrouens van ewigheid af uitverkies het, is waar.
Dat God mans en vrouens lidmate maak van sy kerk, is ook waar.

Ons kan vele ander waarhede rakende mans en vrouens, vanuit Gods Woord, hier opnoem. Dit is sake waaroor ons gewoonlik ook nie verskil nie. Maar let dan telkens op die 'en' tussen die woorde 'mans' en 'vrouens'.

## Valse probleemstelling

Die probleem is dat ons ons nie net met hierdie algemene waarhede wat kernsake in die kerk van Christus is, besig hou nie. Ons neig aanmekaar om ons te begin besig hou met 'halwe waarhede' wat as sogenaamde 'kernsake' voorgestel word, maar dit nie is nie. Selfs sinodes word oortuig om studies te onderneem oor temas wat nie deel vorm van die kernsake in die Woord van God nie, terwyl diegene wat ontevrede is, nie in staat is om deur middel van eie Skrifstudie aan die meerdere vergaderinge te bewys dat belydenisskrifte, kerkorde of sinodebesluite foutief is nie.

Die tema *Die plek van die vrou in die kerk* verteenwoordig so 'n valse probleemstelling. Dit is nie 'n tema wat die kern van die godsdiens raak nie. Waar ontspoor die gedagtegang?

***Man of vrou in die kerk***

Omdat ons die 'en' tussen man en vrou vervang met 'of', of sommer maar die man-deel oorboord gooi, eindig ons by 'n halwe waarheid. Die term wat eerder die aandag verdien is *lidmate* of *ledemate*. Dit is die bybelse beskrywing van kerkmense, en dit sluit mans en vroue in (Rom 12 en 1 Kor 12).

Om nou die kerk van Christus te ver-eng tot 'vroue teenoor mans', of 'oumense teenoor kinders', of 'gewone lidmate teenoor kerkraad', is 'n *verwronge* en selfs *vals begrip* van kerkwees. Dit verplaas die klem vanaf die beginsel na een van die talle randsake, waar kerke en kerklike vergaderinge gewoonlik nie besluite oor hoef te neem of studie van te maak nie. Man *of* vrou, is nie die kernsaak waaroor alles gaan nie. *Verantwoordelike lidmaat wees* is die kern!

***Valse bewerings rakende 'die vrou', word versin en as motivering voorgehou***

Die versoek tot studie oor hierdie onderwerp veronderstel en suggereer dat 'die vrou' haar plek in die kerk ontneem is. Daar word baie stof opgeskop omdat sy sogenaamd beroof is van iets, sonder dat die rooftog of die geroofde goedere bewys word. En om tog iets van 'n rooftog te kan versin, beweeg diegene wat hulle hiervoor beywer, op die gevaarlike pad van Skrifkritiek, die dwaalleer wat beskryf kan word as *Vigs in die kerk* .... omdat dit 'n stadige, maar versekerde dood verteenwoordig.

Dit is daarom baie logies dat sodanige studie, vanweë die valse motiveringe en die emosionele jammerte rakende die 'arme benadeelde vrou', nou aan die vrou, ter vergoeding vir haar jarelange benadeling, 'n goue handdruk kan wil gee. En dan sit ons oor drie jaar met 'n beswaarskrif of beskrywingspunt op die sinodetafel wat vra vir studie oor 'Die plek van die (benadeelde) kind in die kerk', of 'Die plek van die (benadeelde) homoseksuele in die kerk', of oor so ongeveer dertig jaar met 'Die plek van die (benadeelde) man in die kerk'.

En Satan lag lekker, want hy het dit dan reggekry om die kerke vir dertig jaar besig te hou met alles behalwe dit waarop dit werklik aankom, naamlik *die verantwoordelikheid van elke lidmaat van die kerk van Christus, in sy of haar diens (amp) van gelowige.*

## Die saak waaroor dit werklik gaan

*Volgroeide en aktiewe, lewende lidmaat wees van die liggaam van Christus* - dit is waaroor ons hele lewe hier op aarde gaan.

Dit gaan nie in die kerk primêr oor man *of* vrou *of* kind *of* diakens *of* predikant *of* ouderling *of* susters *of* kommissielede nie. Dit is alles ondergeskik aan die een enkele roeping naamlik om geroepe lewende *lidmate* in die liggaam van Christus te wees. Dit beteken: Ons moet almal saam *konings, profete en priesters* wees in die kerk van Christus.

Daarom is *die eenvoudige kernvraag* waarmee almal, maar veral die studiedeputate hulle mee besig behoort te hou: Is daar in die Woord van God, of in die belydenisskrifte, of in die kerkorde, of in enige sinodebesluite enige iets wat *enige lidmaat* in die kerke *verbied* om sy of haar priesterlike of koninklike of profetiese roeping as gelowige, volledig te kan uitleef?

'Profetiese en priesterlike en koninklike' koppel met elkeen van ons, elke lidmaat, ongeag man of vrou, oud of jonk, ensovoorts, in ons amp (of eerder diens) van gelowige. Gelowige lidmate is almal volledig konings en priesters en profete, en nie net hulle wat diakens of ouderlinge of predikante word nie.

As ons waarlik eerlik is, sal alle gereformeerde lidmate vrymoedig op die vraag of ons kerklik enigsins verhinder word om ons amp van gelowige uit te leef, 'nee' kan antwoord. Ons moet erken dat alle geleenthede wat daar is, en selfs nog baie meer, deur God self op ons pad geplaas word om voluit en voltyds, ons hele lewe deur besig te bly met profetiese en koninklike en priesterlike dienswerk, en dat daar tans niks is wat enige lidmaat van hierdie voorregte ontneem nie. Indien iemand egter anders sou voel, moet dit volgens die kerklike weg aangedui en bewys word. Ek daag egter enige iemand uit om te probeer bewys:

*... dat ons as gelowige lidmate in die GKSA, (mans en vroue, groot en klein)...*

- alle geleenthede wat God op ons pad plaas om konings, priesters en profete te wees, reeds voluit raaksien en gebruik...
- alle gawes en talente wat God ons gegee het - om as lidmate van Christus se liggaam konings, priesters en profete te wees - reeds voluit ontwikkel en ingespan het ...

*of*

- dat dit noodsaaklik is om eers bevestig te wees as predikant, ouderling of diaken, voordat enige lidmaat sy primêre roeping as koning, priester en profeet kan uitleef.

Solank dié bewys nie gelewer is nie, bestaan daar onbeperkte ruimte vir alle lidmate, veral ook vir vroue-lidmate, om te kan verbeter ten einde steeds meer ons roeping as gelowiges te vervul.

### Foutiewe kerkbegrip

Hier lê ons groot dwaalleer. Ons begrip van wat waarlik kerk van Christus is, lê kromgetrek:

- Ons reken dat kerkwees 'kerkraadwees' is.
- Ons reken dat kerkwees 'bevestig wees' is.
- Baie mans reken ook, inderdaad foutiewelik, dat kerkwees 'manwees' is.
- En baie vroue voel verkeerdelik dat vrouwees 'kerklike gestremdheid' beteken.

As ons nou die klem verbuig, anders as wat God deur Sy Woord en Gees oor duisende jare heen sy kerk gelei het, sal ons heelwaarskynlik oor dertig jaar vroue hê wat glo: kerkwees is 'vrouwees', wanneer kerkrade, as deel van 'regstellende aksie', honderd persent uit vrouens bestaan.

Kom ons *reformeer* almal saam, mans en vroue, terug na die Woord van God toe, en sorg dat ons almal *lewende, aktiewe en dienende lidmate* van die liggaam van Christus is. Dan sal niemand nodig hê om te vry na die 'dienskneg-dienste' van predikant, diaken of ouderling, om besig te word of besig te bly nie.

As ons maar net wil begryp dat hierdie dienste niks hoër of beter is nie, geen adelstand aandui nie, en nie in die pad staan van enige gelowige lidmaat se dienswerk as koning, priester en profeet nie. Die feit dat die Woord van God die klem rakende diensknegte in hierdie dienste, deur die eeue heen, op die man toespits, is geen misdryf teen of ontkragting van enige vrou nie. Dit beroof haar van geen bate of verantwoordelikheid nie. Dit was en is bloot God se wil en orde-reëling, waarop ons moet antwoord: Laat u wil geskied!

### Gryp elke geleentheid aan

Gereformeerde vroue is oor al die jare al besig met hulle kosbare en kostelike toegespitste diensknegwerk as profete en konings en priesters in al die gereformeerde kerke van Christus in SA en daarbuite. Daar is nog baie meer wat deur vroue-lidmate gedoen kan word. Daar is nog baie gawes wat ontwikkel kan word onder vroue-lidmate. Die woorde van Christus in Matteus 9:36-38 geld tog ook ten opsigte van hulle almal en nie net ten opsigte van die mans of kerkrade nie:

> *Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie. Hy sê toe vir sy dissipels: 'Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.'*

Kom ons werk en saai almal, mans en vrouens, as *lidmate*, met entoesiasme, saam op die oesland van God se koninkryk, sonder om nou eers die jukke te wil breek oor 'n valse probleemstelling wat slegs onmin saai, en niks anders as distels sal voortbring om te oes nie.

---

MEDIESE ETIEK

# GENEESKUNDE EN DIE EERSTE GEBOD

**Dr JM Boon**, Pretoria

Toe die Here sy wet aan Israel gee, skenk Hy daarmee 'n lewensreël vir die hele kosmos. Tien woorde waarmee die Here universele bemoeienis maak met die hele wêreld. Dit is veral die kinders van God se taak om dié wet in die daaglikse praktyk uit te lewe. Elke Sondag kondig die Here sy koninkrykswet af, sodat die koninkryksburgers hierdie wet in die samelewing op al die lewensterreine kan gaan toepas.

Dit is daarom belangrik om die wette van die Here ook in die geneeskunde uit te lewe. Om dit te kan doen sal ons die woorde van die Here goed moet verstaan, maar ook ons tyd en die denkklimaat wat heers in die geneeskunde. Die Here gee aan ons norme om daaraan in ons vak te voldoen. Dit is ons taak om die dinge daarbo te bedink (Kolossense 3:1). Die koninkrykswet **daarbo** geld vir die lewe en dus ook vir die geneeskunde **in hierdie lewe.**

Alhoewel hierdie taak nie maklik is nie, is dit wel noodsaaklik. Daarom sal ons begin met die eerste gebod.

### Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie

Die Heidelbergse Kategismus gee 'n pragtige uiteensetting van die betekenis van hierdie gebod (antw. 94). Hieronder volg 'n verkorte weergawe daarvan.

In die eerste gebod vra die Here dat ons

1. Hom alleen reg sal leer ken en alle ander gode vermy en ontvlug,
2. ons in nederigheid en lydsaamheid aan Hom alleen onderwerp en alles van Hom verwag, en
3. Hom bo alles moet liefhê en dus nie teen sy wil handel nie.

Hierdie drie opdragte het geweldige implikasies vir die gewone praktyk van die geneeskunde.

In hierdie artikel gee ons slegs aandag aan die eerste punt. Die Here vra van ons om alle ander gode te vermy en Hom alleen te dien. Wat sou dit met die geneeskunde te doen hê? In die geneeskunde werk ons tog tot verligting van pyn en as dit moontlik is tot genesing van pasiënte?

Op die oog af sou daar geen betekenis vir die eerste gebod in die mediese wêreld wees nie, totdat mens besef dat daar inderdaad heelwat ander gode in die mediese wetenskap aanwesig is. Daar word ook vandag tot eer van baie ander gode in mediese praktyke gewerk. In plaas daarvan dat ons praktyk afgestem is op die eer van die enigste Here, word daar dikwels ander gode vereer tydens mediese handelinge.

### Gode in die mediese wetenskap

Watter gode sou dan ook 'n rol kon speel? Hier word 'n paar genoem:

1. Ons mediese praktyk is dikwels afgestem op die gedagte dat die gesondheid en welstand van die liggaam van die mens die hoogste waarde is.
2. Geneeskunde vereer dikwels die gedagte dat die natuurwetenskaplike metode die enigste ware verklaring van die werklikheid is. Al die navorsingswerk word gedoen tot eer van die wetenskaplike model en teorie, sonder dat God daarin 'n plek ontvang, of die eer van sy skeppingswerk ontvang.
3. Dikwels word die noodlot as die dryfkrag agter mediese gebeure beskou. Die hand van God word nie herken en erken nie, maar die feit dat byvoorbeeld 'n kind met 'n gebrek gebore word, word toegeskryf aan die noodlot. Vir sommige tref dit sleg en vir ander weer beter. God is hiervolgens nie meer in beheer nie.
4. Die outonomie van die pasiënt word as hoogste norm beskou. Veral in die postmoderne omgewing vandag sien ons dat die outonome mens, en nie die wil van God nie, deurslaggewend is. Op hierdie manier word daar sonder skroom teen die wil van die Here gehandel en is daar van die oproep van die eerste gebod weinig sprake, naamlik om die Here lief te hê en van alle skepsele af te sien (dus ook myself) eerder as dat ek in die allerminste teen sy wil sal handel. Die versoek van 'n pasiënt aan sy dokter om hom of haar te help by selfdoding is hiervan 'n duidelike voorbeeld.

Hierdie vier is voorbeelde van wat die Heidelbergse Kategismus 'iets anders uit te dink of te hê' noem (antw. 95), wat in die plek van God of naas Hom kom. Dit is dus gode in die mediese praktyk.

Elkeen hiervan (en daar is waarskynlik meer) verdien om meer diepgaande onder die loep te kom. Laat ons begin met die eerste een.

## Die gesondheid van die liggaam is die hoogste norm

Die gedagte is springlewend dat die gesondheid en welstand van die liggaam van die mens die hoogste waarde is. Dit neem dikwels in die mediese praktyk die plek van die vertroue op die Here en die doen van sy wil in.

Die gesondheidsbegrip het oor die afgelope paar dekades geweldig verbreed. Gesondheid is nie net meer die ontbreking van siekte nie, maar dit verwys ook na dinge soos - om goed te lyk, om goed te voel en jeugdigheid. Dink maar aan die geweldige groei van vakgebiede soos ortodonsie, plastiese chirurgie en die Prozac-mania van ons tyd. Prozac is 'n middel wat goed gebruik kan word vir die regte indikasies, maar wat dikwels verkeerdelik vir allerhande soorte moegheidsindrome voorgeskryf word.

Die strewe na gesondheid het vandag definitief 'godsdienstige' trekke. Aan die een kant is gesondheid 'n doel op sigself, en aan die ander kant ook 'n voorwaarde om te kan funksioneer en veral te kan geniet. Karl Jaspers, filosoof en medikus, het hierdie hoë ideaal van gesondheid in 1959 as volg raak getipeer: 'Die verlies van die transendente werklikheid het die aardse gelukstrewe tot die absolute verhoog'.

Met ander woorde, die feit dat ons nie meer die Here ken en erken as die outeur van die werklikheid (en dus ook mediese werklikheid) nie, bring mee dat byvoorbeeld die gelukstrewe van die mens waarin gesondheid 'n sentrale plek het, die hoogste goed word.

## Die sekulêre heilsverwagting lê in die gesondheid van die liggaam

Die heil van die liggaam word verafgod. Om die Here te dien is nie meer prioriteit nie, maar om die liggaam te dien. Geen wonder nie dat ons vandag sien dat daar groot moeite is met die geboorte van kinders met 'n gebrek. Dit moet ten alle koste verhoed word. Liggaamlike gesondheid is amper heilig. Daarsonder kan jy nie geniet en 'kwaliteit van lewe' ervaar nie. Daarsonder kan jy ook nie aan die verbruikerskultuur deelneem nie. Wat God te sê het oor sy handewerk en sy definisie van die kwaliteit van lewe, is irrelevant.

Die mediese wetenskap, die tegniek en gesondheidsorg moet as hoogste prioriteit hê om elke aantasting van die gesondheid te voorkom sodat die mens verder kan ontplooi in persoonlike geluk.

Die konsekwensie van hierdie opvatting is dat die lewe eintlik nie meer sin het en ook beëindig mag word as 'n gesondheidsprobleem nie behandel of omgekeer kan word nie. Daarom ook die toename in eutanasie, pasiënt geassisteerde selfdoding en abortering van kinders met 'n liggaamlike gebrek.

Die mediese wetenskap word nie gesien as 'n middel waardeur ons weer gesondheid en krag mag ontvang sodat die mens sy God kan dien nie.

Ons hele samelewing word bepaal deur die ideaal van 'n jong gesonde liggaam. Die liggaam word verafgod in die 'gym'. Advertensies stel dit ook so voor. Selfs in die verkryging van werk en die toelating tot 'n mediese fonds geld die gesonde liggaam as norm. Binnekort sal ook nog bepaal kan word of iemand geneties wel gesond is, watter siektes hy sal kry en watter risiko's daar sal wees. Die goeie embrio's kan geselekteer word voor bevrugting met behulp van pre-inplantasie-diagnostiek.

Die genot van die eie liggaam is die norm. Ons sien ook dat die liggaam vereer word in die moderne gebruik van geboortebeperkende middels. Van roepingsbewustheid is daar vandag selde iets sigbaar by pas getroude paartjies. Dit wat God sê oor kinders kry in die huwelik, is in elk geval irrelevant in die meeste moderne mediese praktyke.

## Die Skrif oor die verafgoding van die liggaam

Die Skrif ken ook die verafgoding van die liggaam. Ons lees in Habakuk 1:11 van 'n man se krag wat sy god is. 'n Mens kan ook jou maag tot god maak (Filippense 3:19). Dit word opgesom deur Johannes as hy praat van die begeerlikheid van die vlees, die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe, wat nie uit die Vader is nie (1 Johannes 2:16).

Ons sien dit vandag: Mense vereer die skepsels in plaas van die Skepper. Dit is moderne Baäldiens. Baäl was tog immers die god van vrugbaarheid, die krag van nuwe lewe, reën en donderweer. Dinge in die skepping word aanbid, in plaas van die Skepper. Die geskape dinge soos die liggaam bly dan nie op die plek waar God dit gestel het nie. Nee, dit word kragte waaraan mense goddelike eer bring.

## Eerste liefde

Die eerste gebod vra eerste liefde vir die Here en sy diens, ook in die mediese praktyk. Om die Here lief te hê, beteken om sy woorde te gehoorsaam. Dan val die menslike liggaam en sy gesondheid in die regte perspektief. Dit word dan diensbaar in God se koninkryk.

Volgende maand gaan dit DV oor die verering van die natuurwetenskaplike metode as die enigste ware verklaring van die mediese werklikheid.

Uit die verlede

# GEDAGTESPRONG - TERUG IN DIE KERKGESKIEDENIS

**Dr AH van den Bout**, Pretoria

**In ds HLJ Momberg se artikel 'die Bybellennium - reaksie op kritiek' in die Junie-nommer van *Waarheid en Dwaling* het die Griekse woord *homoios* wat prof Janse van Rensburg en P Moller in Galasiërs 3:28 inlees, die gedagtes onwillekeurig laat terugspring na 'n heftige kerkstryd. Dié stryd is in die vierde eeu na Christus gevoer.**

Dit het in die worsteling gedurende die vierde eeu oor twee woorde gegaan: *homo-ousios* en *homoi-ousios*. Daar is slegs een jota verskil in hierdie twee woorde, maar tog so belangrik.

## Konsilie van Nicea

Dit het oor die goddelike natuur van Christus gegaan. Arius, 'n presbiter van Alexandrië, het geleer dat Christus nie God is nie, maar net 'n skepsel van God. Arius het daarmee beswaar gemaak teen sy bisskop se leerstelling dat God die Vader sowel as God die Seun ewig is. Arius het beweer: Die Seun van God het 'n begin, in teenstelling met God die Vader wat sonder begin en einde is. Die Seun is volgens hom nie God nie.

Die belydenis dat God die Seun gelyk in wese is met die Vader (*homo-ousios*) en nie soorteglyk aan die Vader (*homoi-ousios*) is nie, is deur Origenes reeds duidelik verwoord. Origenes, gebore in die jaar 185, was leier van 'n kategeteskool in Alexandrië. Hoewel hy deur die Griekse denke van daardie tyd beïnvloed was en gevolglik 'n aantal dwaalleringe verkondig het, het hy die geloof in Jesus Christus, God uit God, suiwer bely en Skrifgetrou geformuleer.

> *Polemiek om die geeste te onderskei is inderdaad broodnodig en 'n opdrag van die Here aan sy strydende kerk.*

Arius se dwaalleer is reeds op 'n sinode in die jaar 320 veroordeel. Die gemoedere oor die belydenis van Christus se goddelike natuur het sedertdien egter so hoog geloop dat die, pas tot die christendom bekeerde, keiser Konstantyn besluit het om 'n kerklike vergadering van sy hele wêreldlike keiserryk bymekaar te roep. Hierdie Konsilie van Nicea in die jaar 325 is nie net deur 300 geestelikes as afgevaardigdes bygewoon nie. Ook baie mense van die gewone kerkvolk was daar aanwesig. Oos en Wes het saamgekom.

Na die openingstoespraak van keiser Konstantyn het die rumoerige groepie onder leiding van Arius teenoor die groep van bisskop Alexander, waaronder die jong Atanasius, hulle standpunte gestel. Die meerderheid van die vergadering het ten gunste van die *homo-ousios*-leer gestem. So het die geloofsbelydenis van Nicea ontstaan wat nou nog in ons kerke aanvaar en geleer word. Ons glo *in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader gebore: Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het.*

### Atanasius se kerkstryd

Hoewel die leer van Arius deur die Konsilie van Nicea as 'n valse leer veroordeel is en Arius in die ban gedoen is, het keiser Konstantyn hom ter wille van 'liewe vrede' later weer in guns aanvaar.

Toe het die stryd oor die goddelike natuur weer opgevlam. Atanasius het in sy stryd vir die behoud van die kerk by die suiwer leer gely. Hy het vasgehou aan die bybelse waarheid: Die Seun is nie 'n skepsel of 'n tweederangse god nie. God self verlos ons deur sy ewige Seun, die ewige Woord wat vlees geword het, Jesus Christus.

As gevolg van sy bybelgetroue belydenis is Atanasius vyf maal as bisskop uit Alexandrië verban en moes hy vyf keer vir sy lewe vlug. Maar onder die geestelike leiding van Atanasius het die Konsilie van Konstantinopel in 381 die geloofsbelydenis van Nicea bevestig en verder verfyn. Ook die geloofsbelydenis van Atanasius oor ons *drie-enige* Here het sodoende tot stand gekom. Ook dié belydenis staan nog agter in ons Psalmboek.

Die Here het Atanasius in sy stryd vir bewaring van die suiwer leer laat volhard. Die vrug daarvan is dat die kerk deur die eeue heen saam met Atanasius bly bely: Die Seun is soos die Vader en die Heilige Gees *ongeskape, onmeetlik, ewig. Nogtans is daar nie drie ewiges nie maar een Ewige.* Die Seun is soos die Vader en die Heilige Gees *almagtig; en tog is daar nie drie almagtiges nie maar een Almagtige.* Die Seun is soos die Vader en die Heilige Gees *God; en tog is daar nie drie gode nie maar een God* (art.8-16).

*Wie dus wil salig word, moet so oor die Drie-eenheid dink* (art. 28).

### Die strydende kerk vandag

Arius se dwaling is na die vierde eeu in allerlei ander gedaantes weer voorgedra. Telkens weer moes die strydende kerk haar van hierdie dwaalleer suiwer, en ook van ander dwalinge wat die kinders van God aftrek van die ware en onvervalste Woord.

Dwaalleringe kom selfs voor in oënskynlik genuanseerde Bybelvertalings en in sosio-kulturele navorsing wat tot verdraaiing van Bybeltekste lei. Daardeur word God se Woord soos dit deur die eeue bewaar gebly het ('n wonder op sy eie) aangetas.

Die konsekwente uiteinde daarvan is 'n Bultmann se ketterse kernboodskap waartoe die Bybel gereduseer word, naamlik God is liefde. Polemiek om die geeste te onderskei is inderdaad broodnodig en 'n opdrag van die Here aan sy strydende kerk. Dit het die kerkstryd oor die een jota-verskil van die woorde *homo-ousios* en *homoi-ousios* ons wel geleer.

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

# Soeke na kerklike eenheid

In Nederland is daar duidelik 'n soeke na eenheid tussen kerke. Die Gereformeerde Kerke (GKN), Hervormde Kerk en Lutherse Kerk het op talle plekke kragte saamgesnoer en die sogenaamde "Samen op weg"-kerke gevorm. Op die basis waarop dié kerke saamwerk, word nie nou hier ingegaan nie. Van buite gesien verg dit heelwat buig en breek om kerke van so 'n uiteenlopende leer, diens en kerkregering bymekaar uit te bring op een pad. Dit daar gelaat.

'n Ander soeke na eenheid, wat die GKSA direk raak, is tussen die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (GKV) en die Christelijke Gereformeerde Kerken (CGK). Met laasgnoemde het die GKSA reeds vir baie jare kosbare kerklike korrespondensie. Met eersgenoemde is daar (nog) geen korrespondensie nie, alhoewel die GKV die GKSA as ware kerk beskou.

Op die internet het die volgende berig verskyn, wat illustreer hoe die GKV en die CGK mekaar op plaaslike vlak soek en vind.

*Intensieverklaring van die CGK en die GKV te Ermelo (Nederland).*

*Die kerkrade van die CGK en GKV te Ermelo het sedert 1990 in totaal dertien keer intensiewe samesprekings gehou. Daarbenewens het die moderamens van die onderskeie kerke dikwels met mekaar gepraat om die samesprekings voor te berei.*

*Die kerkrade van die CGK en GKV te Ermelo verklaar dat*

- *hulle gedurende die samesprekings die kenmerke van die ware kerk van die Here Jesus Christus by mekaar herken het,*
- *hulle die heilige Skrif as geïnspireerde Woord van God aanvaar, wat gesag het oor die hele lewe in kerk en wêreld,*
- *die drie formuliere van eenheid as hulle gemeenskaplike belydenis aanvaar word.*

*Die kerkrade van die CGK en die GKV spreek uit dat hulle die intensie het om kerklik saam te kom en saam diensbaar te wees aan die koms van God se koninkryk.*

*Voortgang - In die huidige situasie het die kerkrade ooreengekom om kontak te verdiep deur*

- *een of twee maal per jaar 'n gesamentlike preekbespreking te hou oor 'n preek wat een van die plaaslike predikante skriftelik beskikbaar gestel het,*
- *gemeentevergaderings in beide gemeentes te hou waartydens die moderamens oor en weer sal praat oor die onderwerp 'Wie is ons?' en die gemeentes insette kan lewer.*

*Verder neem die kerkrade hulle voor om 'n kommissie te benoem, bestaande uit drie lede van die GKV en drie lede van die CGK (twee gemeentelede en een kerkraadslid), wat die verdieping van kontakte voorberei en begelei. Dié kommissie moet die volgende oorweeg: ontmoetingsbyeenkomste vir gemeentelede, waarby dit veral daaroor sal gaan om die praktyk van die kerklike lewe in mekaar se kerke beter te leer verstaan; gesamentlike vergaderings van onderskeie verenigings (byvoorbeeld JV - GJM); gesamentlike wyksaande van beide kerke.*

*Deurgee van inligting - Die verslae van samesprekings sal gelykluidend in altwee kerke se kerkblaaie gepubliseer word. Die skribas van beide kerkrade sal op die basis van die verslae 'n inligtingsbrosjure saamstel wat vir die lidmate van beide gemeentes diensbaar kan wees. By goeie voortgang van onderlinge kontak kan die brosjure ook na die klasses van beide kerke gestuur word, sodat verdere samesprekings oorweeg kan word.*

*Prosedure - Na 'n periode van ongeveer drie jaar van ontmoeting en kontak tussen beide gemeentes sal die onderskeie kerkrade die gevoelens van altwee gemeentes peil om vas te stel of daar genoegsame eenparigheid is om tot intenser samewerking (erkenning) oor te gaan. Indien dit positief beoordeel word, sal volgens kerkordelike bepalings die onderskeie klasses van die kerke genader word omtrent die realisering van die voorgenome samewerking.*

Hieruit is heelwat te leer. En baie om dankbaar voor te wees. Na talle jare van wonder en skryf oor die verhouding tussen die CGK en die GKV, is daar uiteindelik tasbare vordering. Wat gaan die vordering in Nederland vir ons in Suid-Afrika tot gevolg hê? Hoe gaan dit byvoorbeeld die verhouding tussen die GKSA en die VGKSA (Vrye Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika) raak?

# Verhouding VGKSA-GKSA 1950-2000

In antwoord op bogenoemde vraag is daar die afgelope maande heelwat gepubliseer in *Kompas*, die maandblad van die VGKSA. Onderhoude is onder andere met ds Hennie Momberg van die GK Die Kandelaar, asook met di. Rob Visser (VGK Maranata, Pretoria) en Pieter Nel (VGK Bethal) gevoer. In die Mei-uitgawe van *Kompas* is 'n kort historiese oorsig van die verhouding tussen die VGKSA en die GKSA weergegee.

*Die VGKSA voer hulle ontstaan terug op die instituering van die kerk te Pretoria wat plaasgevind het op 8 Oktober 1950. Die hoofrede om nie by die GKSA aan te sluit nie, was die feit dat die GKSA nie die Vrymaking van 1944 in Nederland erken het nie. In plaas daarvan het die GKSA daarvoor gekies om die 'sinodale' Gereformeerde Kerke in Nederland (GKN) as susterkerke te erken.*

*In die jare 1950-1976 beklemtoon die VGKSA ten opsigte van die GKSA die goeie reg van die Vrymaking en stel dat eenwording onmoontlik is solank die GKSA sy bande met die 'sinodale' gereformeerdes in Nederland nie verbreek nie. Die GKSA vra daarenteen dat hulle nie op hulle buitelandse betrekkinge beoordeel word nie, maar in die eerste plek op hulle interne kerklike lewe.*

*In 1976 verbreek die GKSA sy bande met die 'sinodale' gereformeerdes in Nederland vanweë die dwaalleer en vrysinnigheid wat in daardie kerke toegelaat word. Nogtans sien die VGKSA nie sy weg oop om met die GKSA een te word nie.*

*In die jare 1976-1988 word daar van die kant van die VGKSA verskeie struikelblokke genoem wat eers bespreek moet word. Die belangrikste is (a) die GKSA se lidmaatskap van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode, 'n internasionale konferensie waar ook die 'sinodaal-gereformeerdes' nog deelgeneem het, (b) die GKSA se bande met die die Christelijke Gereformeerde Kerken in*

*Nederland, (c) die GKSA se bande met die Nederlandse Gereformeerde Kerken in Nederland, (d) die opneming van 'Die Kandelaar'-gemeente in die GKSA, (e) interne swakhede binne die GKSA, o.a. die swak hantering van die kerklike tug.*

*Aangesien samesprekings met die GKSA niks oplewer nie, besluit die VGKSA se sinode van 1988 om dit voorlopig te stop.*

*In die jare 1988-1994 is daar 'n merkbare verandering in die VGKSA se houding ten opsigte van die GKSA. Daar word opnuut kontak gesoek. Die VGKSA kyk ook krities na die gewig van die besware wat in vorige jare na vore gebring is. Vier van die vyf hierbo genoemde besware word teruggetrek. Beswaar (a) verval omdat die GKSA uit die GES tree, beswaar (b) verdwyn stilweg uit die bespreking, en van besware (c) en (d) word uitgespreek dat dit geen deurslaggewende verhindering vir eenwording is nie. Beswaar (e) bly egter 'n bekommernis.*

*Die sinode van 1992 beveel aan dat daar op allerlei maniere kontak gemaak word met die GKSA, o.a. deur gemeentes op plaaslike vlak. Die predikante van die VGKSA skryf 'n boekie 'Tussen strydbaarheid en diensbaarheid', waarin hulle die intensivering van kontak-oefening bepleit. Die strekking van die boekie is dat die swak punte van die GKSA nie noodwendig beteken dat die GKSA 'n valse kerk is nie, en dat die VGKSA dit as sy roeping moet sien om reformatoriese kragte in die GKSA te versterk.*

*Op die sendingveld ontstaan daar 'n vorm van praktiese samewerking met betrekking tot die opleiding van swart evangeliste en predikante. VGK-sendelinge gee klas by die Mukhanyo Bybelskool in Kwa-Ndebele, 'n opleiding wat deur die Christelijke Gereformeerde Kerken se sending begin is en waar ook 'n hele paar GKSA-predikante klasgee.*

In die jare 1994-2000 word dit duidelik dat kontak tussen gemeentes op grondvlak nie werklik aan die gang kom nie. Die VGKSA is ook teleurgesteld dat die GKSA hom nie krities genoeg uitspreek ten opsigte van verval in die NGK nie. In samehang hiermee is daar in die VGKSA toenemende kommer oor moderne teologiese invloede binne die GKSA. Dit is een van die redes waarom die VGKSA besluit om hulle (blanke) teologiese studente nie by Potchefstroom te laat inskakel nie, maar 'n eie teologiese opleiding te begin.

*Op die sendingveld is daar steeds vrugbare samewerking met die Mukhanyo Bybelskool. Die VGK-Pretoria se sending gebruik Mukhanyo as basis-opleiding vir die teologiese studente uit die sendinggemeente en vul dit aan met ekstra klasse wat in eie beheer aangebied word.*

Uit hierdie oorsig kom enkele sake duidelik na vore. 1950 tot 1988 was 'verwyderings-jare'. Samesprekings loop op niks uit nie. 1988 tot 1994 laat die hoop opvlam. Die lys van 'verskille' word aansienlik verkort. Maar sedert 1994 is die vlam van hoop klaarblyklik aan die verflou. Die lys van verskille kry nuwe punte by. Wat van die pad vorentoe? 'n Kernsaak wat beide kerke hulle seker moet afvra, is: Wat dryf ons om met mekaar te praat/nie te praat nie? Hoe ernstig is ons om bymekaar uit te kom? Christus bid in Johannes 17 'dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U'. Eenheid in die waarheid, ongetwyfeld. Daadwerklike verskille móét uit die weg geruim word, anders word daar gemors met kerkeenheid. Tog bly die dryfveer agter soeke na eenheid wesentlik. Daardie dryfveer lei op talle plekke in Nederland daartoe dat 'n eeu-lange verdeeldheid tussen kerke hopelik tot 'n einde kom. Kan dit nie ook in Suid-Afrika gebeur nie? Kan die plan van aksie wat in Ermelo Nederland van stapel gestuur is, nie as werkbasis vir die VGKSA en die GKSA dien nie? Indien kerke mekaar erken as ware kerk, moet dit immers lei tot kerklike eenheid?!

# Hand in eie boesem

Een van die kernprobleme wat die VGKSA sedert 1976 met die GKSA het, naamlik 'interne swakhede binne die GKSA', is tydens die jaarvergadering van die Gereformeerde Teologiese Vereniging op 1 Augustus 2000 deur gereformeerde predikante self onder die loep geneem. Die tema van die byeenkoms was 'Weeg jou woorde as jy oor die GKSA praat - sy is deel van die bruid van Christus'. Dr Klasie Heystek van die GK Wapadrant het 'n lesing gehou onder die titel 'Wat sê ons oor die GKSA?'. In *Beeld* van 2 Augustus gee Neels Jackson 'n verkorte weergawe van die lesing.

*Ds. Klasie Heystek het gesê die GKSA word onder meer gesien as 'teologies fundamentalisties, sosiologies etnisisties en wat styl betref tradisionalisties'. Die gemeentes wat nog groei, groei deurdat lidmate van ander gemeentes oorgaan daarheen. Hulle groei nie deur evangelisasie nie.*

*Ander negatiewe persepsies wat hy genoem het, is:*

- *Dat die kerke nie daarin geslaag het om die reënboogkleed van die nuwe Suid-Afrika aan te trek nie;*
- *Dat hulle nie 'n verskil maak as dit kom by kwessies soos HIV/vigs, armoede en rehabilitasie van dié wat verkrag, vermink en getraumatiseer is nie;*
- *Dat hulle nie uitreik na Afrika nie;*
- *Dat hulle ten opsigte van belydeniskwessies, liturgiese inkleding, etiese sake en sosiale beskouings 'n Rip van Winkel in vandag se wêreld geword het.*

*Heystek het gesê as kerke sulke kritiek hoor, moet hulle die koring van die kaf skei. Hy het erken dat die GKSA in 'n 'ortodokse en sogenaamd fundamentalistiese kerktradisie' staan. 'Ons gee toe dat ons nie "today's church" is nie. Hiervoor is ons nie skaam nie. Die waarheid is immers nie 'n verkleurmannetjie nie.'*

*Hy het gesê een van die redes waarom die GKSA mense verloor, is miskien omdat hulle nie meer duidelike gesagvolle standpunte stel en uit een mond praat nie. Hier het hy verwys na standpunte oor lotery, homoseksualiteit, die kindernagmaal en die historisiteit van Noag.*

Buiten wat Neels Jackson in Beeld gepubliseer het, is daar baie meer gesê. Die ontleedmes is daadwerklik diep ingelê. Kritiek wat die VGKSA teenoor die GKSA uitspreek, is beaam. Dit het egter ook duidelik geword dat daar met kritiek versigtig te werk gegaan moet word. Om byvoorbeeld te beweer dat die tug in die GKSA totaal verslap het, is onwaar. Leerdwaling word ooreenkomstig die kerklike weë aangespreek. In talle kerke word daar nog met ywer toegesien dat lidmate heilig voor die Here leef. Daar is steeds 'n soeke na suiwer Woordbediening, 'n reguit verkondiging van die belydenis. Om op die kant te staan en slegs kritiek uit te spreek, bring 'n mens nêrens nie. Dit getuig ook nie van liefde vir Christus se kerk nie. Ware reformasie is om in gehoorsaamheid aan God voortdurend positief verder te stry met die Woord as kompas, en daarmee saam voortdurend te stry teen dwaling en agteruitgang.